

## Saterdag 9 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 8:1-29**

**Fokusgedeelte: Josua 8:1**

### **God seën gehoorsame verbondskinders!**

Die verbondsbelofte het ingehou dat die land van melk en heuning aan Abraham se nageslag gegee sou word. Nie verdien nie, maar uit genade. Daar moes egter getrouheid wees. Geen afgodsdienste nie. Net een God en sy wil moes gevolg word. Daarvoor is die beloofde land van die heidendom gereinig. Israel moes elke stad met die banvloek tref.

Die tweede aanslag op Ai verloop suksesvol. Die volk het Akanhulle en sy besittings uitgewis. Dit bring versoening met God. Sy opdrag word nou weer uitgespel. Hy beloof oorwinning oor Ai. Moenie bang wees nie. Neem die stad in, maar tref dit met die banvloek. Met militêre presiesheid word die aanval geloods. Gehoorsaamheid aan God beteken ook om jou gawes in sy diens te gebruik. Josua doen as leier presies dit! Die oorwinning word behaal. Die koning word aan 'n boom, 'n paal, opgehang. Teken van sy vervloektheid. Die stad word verlate gelaat, die versoekings van die heidene is uitgewis.

Ons staan ook in 'n stryd. Nie teen vlees en bloed nie, maar teen die Bose en sy handlangers (Ef. 6:10 vv). Om deel van die leer van die Here te word, moes ons gereinig word. Iemand moes die banvloek in ons plek dra. So is Jesus aan 'n vervloekte kruis (paal) opgehang. Hy het alles gegee, alles verloor, deur sy God verlaat. Hy is begrawe, maar deur sy opstanding word Hy oorwinnaar. Hy bewys dat Hy Seun van God is. Hy neem ons uit genade aan as soldate in sy gevegsmag. Sy wapens is geestelik, die krag van die evangelie. Deur geloof en op grond van sy vryspraak is oorwinning gewaarborg. Ons sal net op ons pos kan bly staan indien ons biddend die wapens van God gebruik.

Veg in gehoorsaamheid met Jesus se wapentuig. Die seën van oorwinning staan vas.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)*